TAALBELEID

1. Die beheerliggaam van Hoërskool Cradock het ingevolge artikel 6(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) die volgende beleid ten aansien van taal by die Skool goedgekeur:

2. **Woordomskrywing**

In hierdie dokument, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en beteken:

2.1 “Beheerliggaam” die beheerliggaam van die Skool soos voorsien in Artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996);

2.2 “Grondwet” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);

2.3 “Skoolhoof” die prinsipaal van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook ‘n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die skoolhoof en die beheerliggaam namens die Skool handel;

2.4 “Skool” Hoërskool Cradock;

2.5 “Taalbeleid” die taalbeleid soos in hierdie dokument vervat.

3. Wetlike bepalings en beleidsdokumente van toepassing op taalbeleid

3.1 Die taalbeleid neem kennis van, dien ter bevordering van en is onderhewig aan die wetlike en ander bepalings van die volgende:

3.1.1 die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996);

3.1.2 die Wet op Skoolonderwys van die Provinsie Oos-Kaap (Wet 12 van 1997);

3.1.3 die Nasionale Taal-in-Onderwysbeleid van 1997 soos uitgereik deur die Nasionale Minister van Onderwys;

3.1.4 die Taaltransformasieplan soos uitgereik deur die Oos-Kaap Onderwysdepartement in Omsendbrief 0004/2007;

3.1.5 die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003);

3.1.6 Artikel 3(4)(m) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996);

3.1.7 Norme en standaarde ten opsigte van die Taalbeleid gepubliseer ingevolge Artikel 6(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996;

3.1.8 Artikels 6 en 9 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);

3.1.9 die PAN Suid-Afrikaanse Taalraadwet (Wet 59 van 1955);

3.1.10 die Wes-Kaapse Talewet (Wet 14 van 1998);

3.2 Die taalbeleid word so uitgelê en geïmplementeer dat dit met ander toepaslike en geldige regsbepalings oor taalgebruik in onderwys versoenbaar is.

3.3 Sonder om die algemeenheid van klousule 2.2 te beperk, is dit die uitgangspunt van die taalbeleid dat dit die beste belange, in onderwysverband, van die leerders van die skool moet dien en dat daar nie op enige onbillike of onregverdige wyse teen enige leerders gediskrimineer mag word nie.

4. Agtergrond van omgewing wat Skool bedien

4.1 Die skool is in die dorp Cradock geleë waarin hoofsaaklik Afrikaans, Engels en isiXhosa as voertale gebruik word.

5. Uitgangspunt en basis

5.1 Die uitgangspunt en basis van die taalbeleid is dat volle effek gegee moet word aan al die fundamentele regte ten aansien van taal van leerders in onderwysverband soos in die algemeen erken in die Handves van Regte in hoofstuk 2 van die Grondwet en spesifiek vermeld in artikel 29(2) van die Grondwet, asook die verdere wetgewing en beleide soos opgeneem in klousule 2 hierbo.

6. Taalgebruik by skool

6.1 Die skool is ‘n dubbelmediuminstelling soos bedoel in artikel 29(2) van die Grondwet.

6.2 Behoudens die bepalings van die taalbeleid, is die taal van leer en onderrig by die skool Afrikaans/Engels (soos na verwys in artikel 6(1) van die Grondwet).

6.3 Die taal waarin die skool bedryf of bestuur word, is Afrikaans/Engels, met die verstande dat kommunikasie met buitestanders in enige taal kan plaasvind soos deur die omstandighede vereis en wat redelikerwys doenlik is.

7. Tale wat as vakke aangebied word

7.1 Die tale wat aangebied word as vakke by die skool is Afrikaans Huistaal, Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Engels Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal.

8. Proses van hersiening van Taalbeleid

8.1 Die taalbeleid kan soos benodig, hersien word. Sodanige hersienings indien nodig sal geskied met insette van leerders, ouers en leerkragte.

9. Beskerming van regte van ingeskrewe leerders indien die taalbeleid sou verander

9.1 Die taalbeleid soos hierin opgeneem, behels nie enige wesenlike wysigings van enige voorafgaande taalbeleid nie.

9.2 Indien wesenlike wysigings aan die taalbeleid in die toekoms voorgestel sou word, as deel van enige hersiening van die taalbeleid, sal alle belanghebbendes, insluitende opvoeders, leerders en ouers, vooruit geken word wat betref sodanige voorgestelde wysigings en sal daar voldoende geleentheid gegee word vir lewering van kommentaar.

10. Taal van assessering

10.1 Afrikaans/ Engels is die taal van assessering in die skool.

11. Taal van kommunikasie met ouers:

11.1 Alle offisiële kommunikasie met ouers geskied in Afrikaans/Engels.

11.2 Alle skoolvergaderings geskied in Afrikaans/Engels.

11.3 Indien enige leerder, ouer, werker of ander persoon wat interaksie het met die skool begripsprobleme sou hê met Afrikaans/Engels, sal die kwessie sensitief hanteer word en, insoverre dit nodig mag wees, sal daar van die dienste van ‘n tolk gebruik gemaak word.

12. Planne om veeltaligheid te ontwikkel

12.1 Die skool onderskryf die bevordering van veeltaligheid. Veeltaligheid word bevorder deur die aanbieding van Afrikaans, Engels Huistaal en Engels Tweede Taal.

12.2 Die aanbieding van die vakke in artikel 7.1 na verwys, geskied sover moontlik in die betrokke taal self.

12.3 Die skool bevorder verder veeltaligheid deur die volgende aksies:

12.3.1 die bevorderdering van deelname deur leerders aan multi-kulturele aksies en aktiwiteite;

12.3.2 die indiensneming van Engelssprekende sportafrigters, sportbestuurders wat afrigting in Engels aanbied;

12.3.3 die skool bied Engels Eerste Taal (Huistaal) en Engels Tweede Taal as volwaardige vakke aan;

12.3.4 met die aanbieding van verskeie vakke word daar gebruik gemaak van Engelse klasnotas;

12.3.5 die skool bevorder uitruilskemas om ander taal- en kultuurgroepe beter te leer ken;

12.3.6 die skool onderskryf die algemene doelstelling om leerders in te lig oor die belangrikheid van veeltaligheid en om die aanleer van respek vir ander tale as die leerder se huistaal te bevorder;

12.3.7 leerdergedrag en prestasie word gemonitor om geheelontwikkeling te evalueer - tydens die proses word die taalbehoeftes binne die konteks van die taalbeleid akkommodeer;

13. Planne om die status van alle amptelike Suid-Afrikaanse tale by die skool te bevorder

13.1 Die skool bevorder en onderskryf die erkenning van en respek teenoor al die amptelike Suid-Afrikaanse tale. Die skool sal sensitief bly teenoor moontlike wysigings tot die demografiese samestelling van die Cradock area waarbinne die skool geleë is, asook die taalaanbiedings van ander skole binne die Cradock area.

14. Personeelvoorsiening

14.1 Die skool sal deurlopend begroot vir ‘n voldoende aantal leerkragte soos wat nodig mag wees om uitvoering te kan gee aan die taalbeleid, in die algemeen, en spesifiek die onderrig van tale by die skool.

15. Belyning van taalbeleid met voederskole

15.1 Die naasliggende laerskole wat as hoofvoederskole vir die skool dien, is merendeels

Afrikaans/Engels medium skole.

16. Monitering van taalbehoeftes en -versoeke

16.1 Die Skoolhoof en alle leerkragte sal rekord hou van die aantal en aard van taalbehoeftes en taalversoeke en sal sodanige inligting beskikbaar hou vir die beheerliggaam en, spesifiek, vir wanneer hersiening van die taalbeleid van tyd tot tyd plaasvind